

29 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 12

Fokusgedeelte: Lukas 12:15

Vrees God in vertroue

Daar is baie dinge waarmee ons worstel in hierdie lewe – rentekoerse, stygende brandstofpryse, werkloosheid, misdaad! Gaan ons dalk 'n tweede Zimbabwe word? Maar Jesus sê vir sy dissipels en ook vir ons, sy kerk: "Selfs die hare op julle hoof is almal getel. Moenie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies."

Moenie bang wees oor dit wat die liggaam kan doodmaak nie. Moenie bang wees vir die moordenaar voor jou bed nie. In Psalm 121:8, 9 staan: "Die HERE sal jou bewaar vir elke onheil; jou siel sal Hy bewaar. Die HERE sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid."

Vrees eerder die Here en bly in Hom wat alles bepaal, Hy is in beheer van die geskiedenis en die tyd en jou lewe. Hy is die Alfa en die Omega, die begin en die einde.

Maar waak daarteen dat ons in hierdie lewe nie ons belydenis verloën met moedeloosheid oor alledaagse probleme nie. Weet dat Jesus Koning is en dat Hy regeer aan die regterhand van sy Vader. Leef vir God se koninkryk, as verlostes in Jesus Christus in die wete dat Hy ook vir die alledaagse sorg, kos, klere en beskerming. En Hy sal sorg ook vir dit wat kom, as die oond sewe maal warmer gemaak word, as ons saam met die perde moet hardloop, Jeremia 12:5.

Selfs as ons geloofsvervolging beleef, is die hare van ons hoof getel en moet ons ons nie bekommer oor hoe of waarmee ons ons gaan verdedig nie, want die Heilige Gees sal ons op daardie oomblik leer wat gesê moet word (vs 12).

Sing: Psalm 99:1, 2 (1936-beryming)

Ds LAS Nel (Elandskraal)